**NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE SWARTLAND MUNISIPALE RAAD GEHOU IN DIE RAADSAAL, MALMESBURY OP DONDERDAG, 30 JANUARIE 2025 OM 10:00**

**TEENWOORDIG:**

Speaker, rdh M A Rangasamy
Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

**RAADSLEDE:**

Bess, D G (DA)
Booysen, A M (VF+)
Fortuin, C (ANC)
Jooste, R J (DA)
Le Minnie I S (DA)
Nel, M (DA)
Ngozi, M (ANC)
O'Kennedy, E C (DA)
Papier, J R (GOOD)
Penxa, B J (ANC)
Pieters, C (ANC)
Smit, N (DA)
Soldaka, P E (ANC)
Van Essen, T (DA)
Vermeulen, G (VF+)
Warnick, A K (DA)
Williams, A M (DA)
White, G E (PA)

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T J Möller
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, me J S Krieger
Senior Bestuurder: Publieke Dienste en Projekbestuur, mnr J Spies
Bestuurder: Sekretariaat en Rekords, me N Brand

## 1. OPENING

Die Speaker verwelkom die Uitvoerende Burgemeester, raadsdames, raadshere, raadslede en amptenare

Die Munisipale Bestuurder open die vergadering met skriflesing en gebed op uitnodiging van die Speaker.

Die Speaker dra sy gelukwensing oor aan raadslede wat hul verjaarsdag die afgelope tyd herdenk het.

## 2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Verlof tot afwesigheid word verleen aan rdle M F Gaika en D C Pypers.

## 3. AFVAARDIGINGS/VERKLARINGS EN MEDEDELINGS/VOORLEGGINGS

### 3.1 TOEKENNING VAN RAADSDAMESKAP AAN RDL J M DE BEER INGEVOLGE DIE BELEID INSAKE DIE ERKENNING VAN RAADSHEERSKAP (3/1/5)

Die Speaker bevestig dat rdl J M de Beer kwalifiseer vir die toekenning van raadsdameskap ingevolge die Beleid insake die Erkenning van Raadsheerskap.

Die Speaker noem dat die beleid ten doel het om erkenning te gee aan raadslede se uitsonderlike prestasies en die lewering van verdienstelike diens in belang van die Munisipaliteit. Die Speaker wens rdd J M de Beer geluk met die toekenning.

**VIR KENNISNAME**

**3.2 AMPTELIKE OPENING VAN DIE WES-KAAPSE PARLEMENT: OPENINGSREDE DEUR PREMIER ALLAN WINDE (SOPA)**

Die Munisipale Bestuurder noem dat alle raadslede uitgenooi word na die beeldsending van die amptelike opening van die Wes-Kaapse Parlement en openingsrede (SOPA) van Premier Allan Winde op Woensdag, 26 Februarie 2025 om 18:30 vanaf die Banketsaal, Malmesbury.

Raadslede word versoek om hulle teenwoordigheid te bevestig teen Vrydag, 21 Februarie 2025 by die Kantoor van die Speaker.

**VIR KENNISNAME**

**3.3 LEDE VAN DIE PRESTASIE, RISIKO EN OUDITKOMITEE**

Die Munisipale Bestuurder bevestig die lede van die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee (PRAC) nadat daar onlangs nuwe aanstellings was, naamlik:

- Me R Gani (voorsitter)
- Mnr B J Gouws
- Me S Jones
- Adv M Mdludlu

**VIR KENNISNAME**

**4. NOTULES VIR BEKRAGTIGING**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE RAADSVERGADERING GEHOU OP 29 OKTOBER 2024**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die notule van 'n Gewone Raadsvergadering gehou op 29 Oktober 2024 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

**4.2 NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU OP 11 DESEMBER 2024**

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl E C O'Kennedy, gesekondeer deur rdd J M de Beer)

Dat die notule van 'n Spesiale Raadsvergadering gehou op 11 Desember 2024 goedgekeur en deur die Speaker onderteken word.

**5. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER**

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Uitvoerende Burgemeester se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

**5.1 NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 15 OKTOBER 2024**
saamgelees met

**NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 9 OKTOBER 2024**

5.2 **NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE HOU OP 21 NOVEMBER 2024**
saamgelees met

**NOTULES VAN PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERINGS GEHOU OP 13 NOVEMBER 2024**

5.3 **NOTULE VAN ‘N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU OP 11 DESEMBER 2024**

## 6. VERSLAGDOENING INSAKE GEDELEGEERDE BESLUITNEMING DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Munisipale Bestuurder se besluite ingevolge gedelegeerde bevoegdheid, soos vervat in die onderstaande notules:

6.1 **NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 14 OKTOBER 2024**
6.2 **NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 30 OKTOBER 2024**
6.3 **NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 1 NOVEMBER 2024**
6.4 **NOTULE VAN ‘N VERGADERING VAN DIE BODBEOORDELINGSKOMITEE GEHOU OP 27 NOVEMBER 2024**

## 7. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

Geen.

## 8. SAKE VIR BESPREKING

### 8.1 VOORLEGGING VAN KONSEP JAARVERSLAG: 2023/2024 FINANSIëLE JAAR (7/1/1/1)

Die 2023/2024 Konsep Jaarverslag is opgestel ooreenkomstig die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 gedateer 26 September 2012, en word voorgelê aan die Raad ingevolge Artikel 127(2) van die Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (MFMA, Wet 56 van 2003).

Die jaarverslag sluit onder andere in –
(1) die finansiële state;
(2) ouditverslag van die Ouditeur-Generaal; en
(3) die jaarlikse prestasieverslag.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl J H Cleophas, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat kennis geneem word van die jaarverslag vir die 2023/2024 finansiële jaar soos voorgelê in terme van artikel 127(2) van die MFMA, en opgestel in die formaat soos voorgeskryf deur MFMA Omsendbrief 63 van 2012 van Nasionale Tesourie;

(b) Dat kennis geneem word van die opvolgaksies waaraan in terme van artikel 127 van die MFMA uitvoering gegee sal word, te wete –
   (i) die openbaarmaking van die jaarverslag;
   (ii) die rig van ‘n uitnodiging aan die publiek om vertoë daaromtrent te rig;
   (iii) uitnodiging aan die publiek en die relevante staatsorgane om die raadsvergadering op 31 Maart 2025 by te woon, wanneer die jaarverslag en oorsigverslag bespreek sal word;
   (iv) voorlegging van die jaarverslag aan die Ouditeur-Generaal, provinsiale tesourie en die provinsiale departement verantwoordelik vir plaaslike regering;

(c) Dat die MPAC, na afloop van die sluiting van kommentaar op die jaarverslag, ‘n gedetailleerde analise sal doen van die vertoë wat ontvang is, ten einde die konsep oorsigverslag op te stel vir oorweging deur die Raad op 31 Maart 2025;

(d) Dat raadslede wat nie op die MPAC dien nie, kennis neem dat dit ook van hulle verwag word om hul eie evaluering van die jaarverslag te doen, onder andere in konsultasie met hul kiesers, wykskomitees en wyksverteenwoordigers om insette en kommentare aan te moedig vir oorweging by die volle raadsvergadering op 31 Maart 2025.

**8.2 KWARTAALVERSLAG (ARTIKEL 52 VAN MFMA): OKTOBER TOT DESEMBER 2024 (7/1/2/2-2)**

Die voorlegging van die kwartaalverslag aan die Raad word voorgeskryf deur Artikel 52(d) van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 (MFMA).

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl E C O’Kennedy)

Dat kennis geneem word dat die kwartaalverslag op 28 Januarie 2025 by die MPAC ter tafel gelê was en “dat die MPAC, by wyse van verslagdoening aan die Raad, aanbeveel dat die Raad kennis neem van die kwartaalverslag, soos voorgeskryf deur Artikel 52 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet 56 van 2003 ten opsigte van die implementering van die begroting sowel as die prestasie teenoor die Topvlak Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan van die Munisipaliteit vir die periode 1 Oktober tot 31 Desember 2024”.

**8.3 HALFJAARLIKSE BEGROTING- EN PRETASIE-EVALUASIE VAN DIE 2024/2025 FINANSIëLE JAAR (7/1/2/2-2)**

Artikel 72(1) van die MFMA, Wet 56 van 2003 bepaal dat die rekenpligtige beampte teen 25 Januarie van elke jaar die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar moet evalueer en aan die Uitvoerende Burgemeester voorlê.

Die Uitvoerende Burgemeester lê die Halfjaarlikse Begroting- en Prestasieverslag, soos opgestel in lyn met die voorskrifte van die Munisipale Begroting- en Verslagdoeningsregulasies (Algemene Kennisgewing 393 soos afgekondig in die Staatskoerant gedateer 17 April 2009), ter tafel.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl I S le Minnie)

Dat kennis geneem word van die halfjaarlikse begrotings- en prestasie-evaluasie met betrekking tot die eerste helfte van die 2024/2025 finansiële jaar en meer spesifiek die noodsaaklikheid om die oorspronklike begroting te hersien deur middel van 'n aansuiweringsbegroting.

**8.4 GOEDKEURING VAN DIE 2024/2025 HALFJAARLIKSE AANSUIWERINGS-KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTING (5/1/1/1, 5/1/1/2 – 24/25)**

Die 2024/2025 Halfjaarlikse Aansuiweringskapitaal en -Bedryfsbegroting is tydens ’n Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 22 Januarie 2025 oorweeg vir goedkeuring deur die Raad en word deur die Uitvoerende Burgemeester ter tafel gelê.

Die voorlegging van die aansuiweringsbegroting geskied ingevolge Artikel 28 van die MFMA, Wet 56 van 2003 nadat die prestasie van die Munisipaliteit gedurende die eerste helfte van die finansiële jaar geëvalueer is – verwys item 8.3.

Die Speaker bring die aangeleentheid tot stemming en die 2024/2025 Halfjaarlikse Aansuiweringskapitaal en -Bedryfsbegroting word beslis (in die afwesigheid van twee raadslede) met 18 raadslede ten gunste daarvan en twee raadslede wat buite stemming bly.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdh J H Cleophas, gesekondeer deur rdl N Smit)

(a) Dat kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee vergader het om die verduidelikings en motivering van die finansiële personeel en ander direkteure te oorweeg in 'n poging om die Uitvoerende Burgemeester te adviseer insake die pad vorentoe;

(b) Dat kennis geneem word van die aansuiwering van R2.935 miljoen vir oortyd weens die rampsituasie en vloedskade in Chatsworth en Riverlands wat veroorsaak is deur drie damme wat gebreek het. Die vloed het skade versoorsaak aan munisipale paaie en die watervoorsieningsnetwerk;

(c) Dat die volgende totale uitgawes per departement (per direktoraat) goedgekeur word, wat insluit beide bedryfs- en kapitale uitgawes per direktoraat, ten einde departemente in staat te stel om pro-aktief ongemagtigde uitgawes te voorkom;

| Budget Year 2024/25<br>R thousands | Capital Expenditure by Vote | | | Operating Expenditure by Vote | | | Total Expenditure by Vote | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Original Budget | Total Adjusts. | Adjusted Budget | Original Budget | Total Adjusts. | Adjusted Budget | Original Budget | Total Adjusts. | Adjusted Budget |
| Vote 1 - Corporate Services | 778 | (300) | 478 | 46 746 | 918 | 47 664 | 47 524 | 618 | 48 142 |
| Vote 2 - Civil Services | 127 036 | (32 667) | 94 369 | 393 895 | 23 549 | 417 444 | 520 930 | (9 118) | 511 813 |
| Vote 3 - Council | 1 278 | 9 | 1 287 | 26 049 | (675) | 25 374 | 27 327 | (666) | 26 660 |
| Vote 4 - Electricity Services | 68 971 | (27 010) | 41 961 | 458 585 | 17 349 | 475 934 | 527 556 | (9 661) | 517 895 |
| Vote 5 - Financial Services | 698 | (130) | 568 | 81 680 | (2 379) | 79 301 | 82 378 | (2 508) | 79 869 |
| Vote 6 - Development Services | 174 824 | (8 612) | 166 212 | 51 379 | (9 439) | 41 940 | 226 203 | (18 051) | 208 152 |
| Vote 7 - Municipal Manager | 12 | 88 | 100 | 10 030 | (46) | 9 985 | 10 042 | 42 | 10 085 |
| Vote 8 - Protection Services | 2 882 | 173 | 3 055 | 120 682 | (7 352) | 113 330 | 123 564 | (7 179) | 116 385 |
| Grand Total | 376 478 | (68 448) | 308 030 | 1 189 046 | 21 925 | 1 210 971 | 1 565 523 | (46 523) | 1 519 000 |

(d) Dat goedkeuring verleen word om die 2024/2025 kapitaalprojekte te wysig as deel van die gekonsolideerde kapitaalprogram goedkeur soos gelys in (**Annexure A-1: Adjusted 2024/25 Capital Budget**);

(e) Dat die Raad die gewysigde befondsingsbronne oorweeg wat verband hou met die raad se kapitaalprogram en daarop let dat die befondsingsbronne beskikbaar is en nie vir ander doeleindes geoormerk is nie;

| FINANCING SOURCES | Original Budget 2024/25 | Mid-Year Adj Budget 2024/25 | Increase / (Decrease) |
|---|---|---|---|
| Capital Replacement Reserve (CRR) | 93 535 241 | 71 023 189 | (22 512 052) |
| External Loan | 36 950 588 | - | (36 950 588) |
| Municipal Infrastructure Grant (MIG) | 29 332 000 | 29 302 000 | (30 000) |
| Dept. Human Settlements (DHS) | 174 289 166 | 165 670 203 | (8 618 963) |
| Integrated National Electrification Programme (INEP) | 22 818 000 | 22 401 642 | (416 358) |
| Western Cape Education Department (PRIVATE FUNDING) | 19 033 109 | 19 033 109 | - |
| Dept. Cultural Affairs and Sport | 484 783 | 484 783 | - |
| Community Safety Grant | 34 783 | 34 783 | - |
| Donations | - | 80 000 | 80 000 |
| | | | |
| GRAND TOTAL | 376 477 670 | 308 029 709 | (68 447 961) |

(f) Dat die raad kennis neem van die voorgestelde aanpassings (wat verband hou met Artikel 19) ten opsigte van die projekte, soos gelys in **(Annexure A-2: Capital Projects ito Sec 19)**;

(g) Dat goedkeuring verleen word om die hoë-vlak kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2024/2025 as volg te wysig (**Annexure B: Adjusted 2024/25 Operating Budget**), met geen wysigings aan die buite jare nie:

| | Oorspronklike Begroting 2024/25 | Half-Jaar Aansuiwerings begroting 2024/25 | Aanpassings | Oorspronklike Begroting 2025/26 | Oorspronklike Begroting 2026/27 |
|---|---|---|---|---|---|
| Kapitaalbegroting | 376 477 670 | 308 029 709 | (68 447 961) | 216 639 861 | 197 984 897 |
| Bedryfsuitgawes | 1 189 045 717 | 1 210 970 777 | 21 925 060 | 1 434 463 775 | 1 584 420 812 |
| Bedryfsinkomste | 1 458 996 894 | 1 475 819 204 | 16 822 310 | 1 535 862 828 | 1 666 597 277 |
| **Begrote (Surplus)/ Tekort** | **(269 951 177)** | **(264 848 427)** | **5 102 750** | **(101 399 053)** | **(82 176 465)** |
| Minus: Kapitaal Toekennings en Donasies | 246 062 275 | 238 036 010 | (8 026 265) | 97 963 000 | 81 093 000 |
| **(Surplus)/ Tekort** | **(23 888 902)** | **(26 812 417)** | **(2 923 515)** | **(3 436 053)** | **(1 083 465)** |

(h) Dat kennis geneem word dat die veranderinge in die bedryfsbegroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2024/2025 finansiële jaar nie maar sal lei tot 'n verhoging in die begrote netto surplus van R23 888 902 na 'n begrote netto surplus van R26 812 417;

(i) Dat die aangepaste begrotingskedules (B1 tot B10) soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word soos vervat in **(Annexure C: Budget Report and B-Schedules 2024/25 – 2026/27)**;

(j) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die Begrotingsomsendbriewe en –formate in die konteks van die verslagdoeningsvereistes aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(k) Dat die Dienslewering – en Begroting Implementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word.

**8.5 STATUS QUO EN WYSIGING VAN DIE MUNISIPALE RUIMTELIKE ONTWIKKELINGS-RAAMWERK 2023-2027 (15/1/4/1)**

Die wysigings aan die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk is belangrik om nuwe ontwikkelings binne die stedelike randgebied en onder die korrekte sonering te kan akkommodeer.

Die voorgestelde wysigings is vir Malmesbury, Darling en Riebeek Kasteel en sal daar opedae plaasvind om 'n geleentheid vir die publiek te bied om insette/kommentaar daarop te lewer.

Rdl A K Warnick versoek dat wyk 6 toegevoeg word op die advertensie insake die opedae, aangesien daar ook voorgestelde wysigings in Wyk 6 is.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, gesekondeer deur rdl D G Bess)

(a) Dat in beginsel goedkeuring deur die Swartland Munisipale Raad verleen word vir die wysiging van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vir die dorpe van Malmesbury, Darling en Riebeek Kasteel, en vir die insluiting van die Kapitale Uitgaweraamwerk as 'n aanhangsel;

(b) Dat goedkeuring verleen word vir die publisering van die wysiging van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk vir publieke kommentaar ingevolge Artikel 7(1)(b) van die Verordening;

(c) Dat die wysiging van die Munisipale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk voorgelê word aan die Provinsiale Minister en ander staatsorgane vir kommentaar;

(d) Dat die kommentaar periode sal wees in die maande van Februarie en Maart 2025 met opedae in die betrokke wyke in die dorpe van Malmesbury, Darling en Riebeek Kasteel.

**8.6 AANSTELLING VAN LEDE VAN DIE DISSIPLINêRE RAAD (5/15/1/5)**

Die Dissiplinêre Raad is ingestel as 'n onafhanklike adviserende liggaam om ingevolge die *Financial Misconduct Regulations* die Raad by te staan in ondersoeke na finansiële wangedrag.

Die doel van die verslag is om die samestelling van die Dissiplinêre Raad aan die Raad aan te beveel, soos oorweeg tydens 'n vergadering van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee op 22 Januarie 2025, en dienooreenkomstig goedkeuring te verleen vir die aanstelling van lede.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl I S le Minnie)

(a) Dat die Voorsitter van die Prestasie, Risiko en Ouditkomitee (PRAC) as lid van die Dissiplinêre Raad aangestel word vanaf 01 November 2024 tot 31 Desember 2025. Die Voorsitter van die PRAC kan enige lid van die PRAC nomineer om 'n vergadering namens hom/haar by te woon indien hy/sy nie beskikbaar is nie;

(b) Dat die Senior Bestuurder: Tesourie en die Senior Bestuurder: Begroting, Kostes en Verslaggewing as sekundi's vir die munisipale amptenare wat op die Dissiplinêre Raad dien, aangestel word;

(c) Dat die Hoofouditeur weer aangestel word as lid van die Dissiplinêre Raad van 01 Junie 2025 tot 31 Desember 2025;

(d) Dat slegs die posbenamings van die amptenare goedgekeur word om die administratiewe las te voorkom indien 'n amptenaar die munisipaliteit gedurende hul drie jaar termyn verlaat. Sien die tabel hieronder:

| Lid van die Dissiplinêre Raad | Secundi | Termyn |
|---|---|---|
| Voorsitter van die PRAC | Enige genomineerde lid van die PRAC | 1 November 2024 tot 31 Desember 2025 |
| Direkteur Korporatiewe Dienste | Senior Bestuurder: Tesourie / Senior Bestuurder: Begroting, Kostes en Verslaggewing | 1 Januarie 2023 tot 31 Desember 2025 |
| Senior Bestuurder Menslike Hulpbronne | Senior Bestuurder: Tesourie / Senior Bestuurder: Begroting, Kostes en Verslaggewing | 1 Januarie 2023 tot 31 Desember 2025 |
| Hoofouditeur | Senior Bestuurder: Tesourie / Senior Bestuurder: Begroting, Kostes en Verslaggewing | 1 Junie 2022 tot 31 Mei 2025 & 1 Junie 2025 tot 31 Desember 2025 |

(e) Die vergoeding wat aan die eksterne lid van die Dissiplinêre Raad betaal word, sal dieselfde wees as die bywoning van die Prestasie-, Risiko- en Ouditkomitee.

## 8.7 GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE: VERKLARING VAN BELANGE (3/1/1)

Die Gedragskode vir Raadslede soos vervat in Bylae 7 van die Munisipale Strukturewet, bepaal, onder andere, dat raadslede op ‘n jaarlikse basis hul belange moet verklaar, ingesluit geskenke wat deur ‘n raadslid ontvang was.

Die 2023 Regulasies bepaal dat die belange vir ‘n kalenderjaar verklaar moet word en daarom word daar van raadslede vereis om belange vir die periode 1 Januarie 2024 tot 31 Desember 2024 te verklaar.

**BESLUIT**
(op voorstel van rdl A K Warnick, geskondeer deur rdl E C O’Kennedy)

(a) Dat raadslede kennis neem van die bepalings ingevolge items 6 tot 8 van die Gedragskode vir Raadslede;

(b) Dat raadslede kennis neem dat die aard of detail van die finansiële belange van ‘n raadslid soos na verwys in Item 8 van die Gedragskode vir Raadslede, **jaarliks op skrif aan die Munisipale Bestuurder verklaar moet word**, ingesluit geskenke wat deur ‘n raadslid ontvang word en wat in waarde R1 000,00 oorskry;

(c) Dat kennis geneem word dat die verklaring soos na verwys in paragraaf (b), teen nie later nie as Woensdag, 12 Februarie 2025 by die Direkteur: Korporatiewe Dienste ingedien moet word.

**GETEKEN:**
**SPEAKER**